
Rose



# OPSAAL

NOVEMBER
2010

My apologie aan

Pieter Potgieter (Bring lof aan die Skepper)
en
Salome van Wyk (Waar eet mens ontbyt op Montague Pas)
Hulle erkennings aan die einde van hulle bydraes het ongelukkig in die niet verdwyn. Verder vir al die punte wat in uitroeptekens verander het en sommer al die ander foute. Tegnologie is nou besig om mu verbu te steek.

Berg-en-Dal se wegstappe het begin in Februarie met 'n naweek in Hermanus waar verskeie roetes gestap is. Pragtige dorp en pragtige staproetes. March saw a group of 13 members head to the Klein Karoo for a weekend of hiking on the farm Arendskloof near Klaarstroom. The numbers were disappointing when initially a lot more showed interest. However those that were there enjoyed the hiking and socializing. In April, nadat die Swellendamstap gekanselleer is, het 11 stappers die Harkerville-kusvoetslaanpad gaan doen, 6 het die hele roete gedoen en die ander 5 die dagstap tot by die uitkykpunt. May saw 18 members travel to Greyton to do the Boesmanskloof hike, to overnight at Die Galg and then back the next day. Hennie and Annie took the easy route up by car and joined the group at the huts for the night. The evening get together and braai was very festive and enjoyed by all. Die Sterrekyknaweek in Prins Albert het in Junie plaasgevind. Hans Daehne en sy vrou het 'n baie goeie program georganiseer. 24-mense het dit bygewoon. Dit was 'n interessante en leersame naweek. In August 6 members joined a group from the mountain club in the Tsitsikamma to hike the Grenadier's Cap. September saw a group of 15 members return to Arendskloof in the Karoo due to the cancellation of the Richtersveld trip. Again a super weekend was had by all. In Oktober het 6 lede die Riversdal omgewing besoek om die Kristalkloof en Sleeping Beauty voetslaanpaaie aan te pak. In die middel van November gaan 'n groep lede die Stormsrivier omgewing besoek om verskillende dagstappe te doen. Ek wil al die groepleiers hartlik bedank vir al die moeite en tyd wat hulle gegee het. Julle is ware staatmakers. I would like to wish all members and friends a wonderful festive season and all the best for 2011.

Mike Wray.





**BRING LOF AAN DIE SKEPPER**

Niemand kan bewys dat God bestaan nie. Niemand kan ook bewys dat Hy nie bestaan nie. Albei is 'n saak van geloof – jy glo van ja of jy glo van nee. En tog is daar baie tekens wat dui op die bestaan van God. Die van ons wat glo in God, wat Hom deur die genade van Jesus Christus leer ken het, se geloof word natuurlik mateloos versterk deur wanneer ons die prag en grootsheid van sy skepping rondom ons sien. Om die natuur te kan geniet – soos ons wat stappers is, gereeld in hierdie mooi deel van ons land ervaar – is 'n wonderlike voorreg.
Wie van ons het nie al die ontsagwekkende teenwoordigheid van die Skepper aangevoel waar jy vir 'n oomblik stil geword het in die majestieuse berge van ons omgewing nie – of in die Sederberge of in die Drakensberge of aan die hange van Tafelberg .
Daar is ook ander plekke en maniere waar dit ervaar kan word. Ek ry graag vroeg in die oggend fiets. Om die son te sien opkom oor die water van die Touwrivier, gryp 'n mens aan die hart. Want dit herinner jou daaraan dat daar orde in die natuur is – en Iemand wat dit daargestel het op 'n manier wat lewe op aarde moontlik maak. Om te glo dat dit alles blote toeval is – nee daarvoor moet 'n mens darem al te veel geloof hê in 'n niks!
Ons gaan stap ook graag saans langs die see as die son ons vir die dag met sy rooi en oranje verfkwas groet. Hoe kan 'n mens dan anders as om jou Skepper met 'n loflied in die hart te waardeer.

## HARKERVILLE COASTAL HIKING TRAIL
## 10 - 12 April 2010.

The scheduled 5-day Swellendam hike in April had gone up in smoke as forest fires had damaged the huts and surroundings. Sarel had instead reserved the Harkerville trail hike – two days and two nights.

After the first winterish cold front had blasted along the coast on Friday, the rest of the weekend fortunately turned out sunny and warm. Because the Harkerville trail is challenging, five club members, Annie and Hennie, Georgie and Jan and Sarel had chosen to do two more comfortable day hikes.

Having walked the Kranshoek hike on Saturday, they joined the other group on Sunday, hiking towards the coast and Perdekop and then returned to the Harkerville hut. Late Saturday afternoon the whole group of 11 gathered at the Harkerville hut for the braai and spent the evening together. Energetic hikers were up at dawn to prepare for the walk. Hennie had the big pot of water boiling, enough for our first cup of tea or coffee.

We all started together but then split up. The "inner five" continued to Perdekop, while the "outer six", Armin, Mike and Rina, Jacolise Joubert, Catherine Schultz and Frohde headed for the coast and the Sinclair hut. After completing more than 10 km along the Harkerville trail, passing a cluster of giant Californian Redwood trees, we reached the descent to the sea. There we were treated to a magnificent view of the sharp rock formations of the coastline embraced by blue and white thundering waves. Although the part of the trail along the coast on the two-day hike is only 4,5 km, one fifth of the total 27 km distance, that is the stretch one remembers most. We spent about half of the hiking time climbing up and down with or without ladders and chains, or along 'shelves' or corners of the brown granite border of the sea, or on smooth round rolling stones where it was more open. Armin with his mountaineering experience stayed calm and was always there to give instructions and a helping hand when the climbing challenge was stirring up the adrenalin too much for us other less fearless hikers. It is always nice to arrive and rest your aching legs and back at the Sinclair hut after the last short walk through the fynbos. There you are at an open area overlooking the sea. The fireplace in front of the cabin was the center of the activities for the food and social gathering in the evening. Next morning a colorful sunrise over the ocean woke us. Even if the second day is shorter than the first day, it was not easier.



Again: spectacular sceneries along the sea and at the end the walk along the soft forest path back to the Harkerville hut in the hot afternoon. The trail is mostly well marked. Only at some places along the coast the faint white footprints are difficult to see, causing some extra struggle. One cannot expect to find drinking water along the route but at the huts, which are well equipped and maintained. On sunny days the Harkerville trail is a shining pearl for hikers in good physical condition without fear of heights.

*Frohde*





**BOESMANKLOOF HIKING EVENT 15/16-MAY-2010**


On Saturday the 15th of May 17 Members met at the Zebra Backpacker in Greyton, where the majority of the group had stayed overnight. Two cars with 8 members on board missed the turnoff just outside of Riviersonderend which Caused the proposed starting time to be changed from 8.00 am to 8.30 am. Hennie and Annie chose to join us at the Gallow, coming from Mc Gregor. Wilma had to cancel her participation due to a serious ill-



ness of her brother, who passed away on Sunday, the 16th of May. Wilma, we feel so sorry for you loosing such a close relative. After a nice Sunday prayer and a short speech from Mike and myself, we were ready to start-off and the group followed a trail at the bottom of the Greyton Nature Park. The proposed trail turned to the left up the ridge but too many of our group had missed the turn off. My attempt to stop them went unheard and the walk led us straight to the Boesman's River, which we had to cross. The crossing was no problem and soon we arrived on the four-wheel track, which steeply winded up till we reached Breakfast Hill. The weather meant well with us. The morning temperature was fresh and cool, very good to begin hiking. The sky more blue dominating against some left over clouds from the day before. The surroundings to the left and to the right with mountains going steep up, to our right hand the all dominating Perdekop over 1300m high, overall breathtaking scenery of rock formations with little left over greens after a severe fire in the beginning of 2010. But here and there vegetation fighting back to life. So, as we moved on we enjoyed the scenery surrounding us at all times, our spirits kept to the highest. Soon after Breakfast Point we arrived at the end of the four-wheel track and the Boesman's Kloof started. From now on one could see the aim of our day, the dead tree trunk visible on the top of the saddle far ahead of us. Not long after we entered the kloof going downhill in to the kloof, we arrived at the beautiful Waterfall with his pool. Of course some of our group could not withstand to take a swim. Here at the waterfall we made our lunch break. After 30 minutes the group moved on and as we



followed the path to the left more pools and a water slide down into another pool emerged. Close to that area beautiful flowers could be seen. Frode even went down to pick a flower of the beauty to pass it to waiting group members. After some photo shootings we went on till we were right at the bottom of the kloof, crossing a small water run off, supposed to be a river. Here one could follow a greenbelt, which was not affected by the devastating fire in the beginning of the year. Beforehand Hennie had suggested to me to go and stay to the left hand site of the kloof, which we did. The trail climbed steep and snakelike up. While we could see Eagles Nest located very close to a steep falling rock formation, we all had to bite the ridge to get to the never finished road, which would have had a bad impact on the kloof and its vegetation. Hennie busy filming the arrivers, gave us a warm welcome on the Gallow. Most of our group members happy to be up were just looking for their accommodation. The accommodation is a big flat roofed building containing three houses, each with plentiful real beds. 8 Members got the bed with full comfort, the rest of the group had to sleep in their own sleeping bags. Soon after taking a shower and freshly dressed, all members gathered together in the house with the biggest lounge, No. 1 and started a nice party atmosphere. A braai fire was started, Hennie of course the Braai Master with a lot of support from many, too many helping hands. But eventually everybody got his meat on the fire and the cozy atmosphere went on. Talita was giving a celebration of wine and sweets for her upcoming birthday. So the mood was good with time passing by quickly. Tomorrow we want to start at 8.00 am for our return to Greyton. One by one, pair by pair decided, now we must sleep and left the party. Next morning, the weather was fine and much warmer than the day before. Every member got ready to go back, a Sunday prayer spoken wishing all party members a healthy, wonderful return back to Greyton and a last group photo taken. Hennie and Annie escorted us to the return route which, like a snake, winding itself downhill to the bottom of the kloof. Soon we arrived back at the waterfall, were some of our group members took a quick dive while others used the stop for breakfast. After a good rest the party went on home to Greyton arriving back on the four-wheel track and continuing the walk till we arrived back at the breakfast point. Here we had another rest with some of the members already getting ready to start again when others still arrived. The brake offered a good opportunity to enjoy a last glance at the gorgeous nature we were so blessed to experience. Shortly thereafter the winding jeep track had us back descending downhill back to Greyton. Some of our group chose to go the Greyton Nature Park trail by crossing the Boesman's river, going right up the trail we were sup-




posed to go yesterday morning. The majority decided to move on back to Greyton and to Zebra Backpackers, where our cars were safely parked. Nobody could withstand the invitation of the owners of Zebra Backpackers to go for a shower and changing in to fresh Clothing. Only a cool beer could have made the day more perfect. After Several hugs, good-byes and an overall good feeling we were on the road again, driving home carefully. This Boesman's Kloof's hike should be done again when the burned down vegetation has taken control again. In every respect I Can say it was a wonderful weekend.

Armin

## OTTER WANDELPAD – 'N MOET VIR ELKE ERNSTIGE STAPPER

Dag 1

So ontmoet ons 11 voornemende stappers by die "Otter Room" op Donderdag 12 November as Janet, Moira en Jeanmarie by ons aansluit vanaf Port Elizabeth en Graaff-Reinet. Vroegmôre het ons reeds vanaf George vertrek en ons groep van 9 was toe net 8, omdat Dina nie kon saam as gevolg van doktersbesluit oor haar hoë bloeddruk. Jeanette, ons toerleier, met Sarel, Armin en Hettie, ry saam. Jacolize, Lynette, Annette en Wilma ry saam oppad na die Otter, wat wag!



Die nuwe staproete vanaf ontvangs, lei deur 'n pragtige bos, stadig af na die strand toe en dan kom ons vele dagstappers teë wat na die waterval gestap het. Die see is wild en baie hoë deinings en so kom ons by hierdie prag waterval met 'n swemgat waarin ons onsself kon verlustig, want die waterval masseer sommer die spiere vir die volgende dae wat voorlê. Deur die pragtige bospad en opeens duik Ngubu hut op tussen die bome! Ons verkyk ons aan die ablusieblok wat bestaan uit 'n stort eenkant en langsaan is die hoë troon wat met 'n eenrigtingglasventer na die see toe kyk. Daar mag jy maar sit en droom! Saans maak ons 'n gesellige braaivuur en eet



braaivleis en kuier saam om mekaar beter te leer ken. Annette besluit om liewer in die lapa haar bed te maak en dié het sy toe met blare en sagte takkies omring, sodat slaapgoed skoon bly. Muskeljaatkat besoek ons vlugtig en ons herdoop dié toe muskadelkat! Die Kingwills braai selfs roosterkoeke en ons praat oor hoe ons vir Dina mis!

Dag 2

Vanaf Ngubu hut vertrek 4 van ons girls 'n bietjie later en toe ons by die eerste houtdek uitsigpunt staan, kom daar 'n krulkop langhaar engel uit die bos – niemand anders as Dina. Sy het by die eerste ontsnaproete afgekom en ons stap saam na Skilderkrans, waar die ander vir ons sou wag. Hul verbasing was ook groot toe hul vir Dina sien! Ons eet ontbyt op die skilderagtige mooi plek wat soos 'n skoonheid uittroon. Vandaar na Bloubaai en ons stap af tot onder, sonder die swaar varke op ons rue. 'n Paar ribbokke stap daar die kranse uit en ons neem prag foto's van bo.

'n Prag uitsigpunt wag bo vir ons en so stap ons weer aan na Kleinbosrivier, waar 'n paradys ervaring vir ons wag. Jeanette en 'n paar ander het geswem en dit is verewig op foto's wat getuig van die groot genot as stromende water oor jou nek afvloei. Heelwat klimwerk wag vir ons tot by Scott se hut langs die Geelhoutbosrivier. Na lekker storietyd, kuier en eet, is dit slaaptyd en weereens 'n amperse katastrofe met die muskadelkat (kleinkol muskeljaatkat). Dié word deur ons "deurwagter" Annette, vriendelik uitgeboender met 'n gejuig! Arme kat skarrel om te uit en ons lê en lag in onse kooie.

Dag 3

Ons vertrek vanaf Scott en na 1 uur is ons by die Elandsbosrivier, waar ons enkeldiep deurstap en ontbyt eet. Seker die indrukwekkendste dag van die staptoer, as ons die sg. "Skip se boeg" sien en dan staan Jeanette se 2 dogters, voor op die boeg en net soos in Titanic, met hul arms oopgesprei. Agter hulle slaan 5 meter hoë golwe oor die agterste rotse. Ons sit op die oorkantste rotse in verbasing en kyk na die krag van die see en net toe Moira en Jeanmarie van die boeg af beweeg, kom daar 'n fratsgolf sò geweldig groot, dat ons selfs sopnat was, aan die verste kant. Ons neem talle foto's daar en dan beweeg ons aan en sien mooi oop vergesigte oor die hoë deinings van die see. Baie op en af met voetpad langs en dan verskyn Oakhurst hutte aan die oorkant van die "mighty" Lotteringrivier. Ons moet 'n hele ent binneland toe stap en dan met "survivalbags" ons goed droog probeer kry na die oorkantste oewer. Dan moet ons aan die oorkant beweeg, hutte toe en by Oakhurst is dit weer 'n geskarrel, wie slaap waar en wie slaap onder die sterre. Ons het baie pret en verwonder

ons aan die rowwe see en branders wat sproei tot by ons hut. Annette en Lynette besluit dis tyd om die vensters te was, want dié was toe van die seesout gepak! Sarel seg hy het die eerste en enigste otter gesien en ons het dit sowaar gesien op sy "movies". Net sy koppie so skugter, bo die rotse uitloer – kosbaar. Annette, Lynette en ek stap tot bo die hutte uit en kom by die verlate huis van die veldwagter. Pragtige sonsondergang en almal neem foto's. Die "kat" kom toe nie weer, want hy kon nie oor die Lottering swem nie of was dit ons deurwagter wat soos 'n German Shephard waggehou het.

Dag 4

Dis 'n stil Sondagmôre en ons groet die Lotteringrivier, nadat Sarel vir ons voorgegaan het in skriflesing en gebed, soos elke môre op ons samesyn. Net toe ons bo-op die kop kom, begroet 'n skool dolfyne ons op hul weg na die weste. Ons stap heerlik kontoerpad en dan wissel dit weer af, want vandag is die dag dat baie stappers voor en na ons, met groot afwagting stap na die grootse Bloukransrivier. Dis glad nie so 'n maklike roete nie – oor baie rotse op en af en dan sien ons 'n pienker as pienk lap, wat lyk soos 'n meermin s'n op die rotse lê, by die see. As ons bo kom, sien ons hoe gou ons weer weswaarts beweeg het. Die roete sover is silwerskoon en die paadjies is pragtige duidelik uitgelê. Dit maak dit moontlik om op eie tyd en pas te beweeg – heerlik! Oor die Coldstream en Witelsriviere en so kom ons by die alombekende Bloukransrivier! Al die sand in die mond is weg see toe en net kieselstene is sigbaar en 'n diep sloep wat instoot rivier op. Die manne en Hettie vat die ontsnaproete solank, maar party girls wil nog eers gaan swem en 'n steil houttrap lei tot onder op die strand. Gou afkoel voor die steil hoogtes begin. Sowat 190m vat die trappe ons op tot by die bosbou denneplantasie. Daar bel ons vir Rob en sy bakkie is nooit weer dieselfde nie, nadat 10 van ons, met rugsakke en al, agterop klim en Jeanette en Hettie voorin by die gawe natuurbewaarder. Hy neem ons oor die brug en laai ons 'n ent bokant hut André af. Dis alles steil afdraand, maar lekker vir 'n Sondagmiddag, want onder by die hut wag die beste storte van alle storte op die roete. Met 'n heerlike sakkende westeson op die bas en 'n uitsig op die see en strand – wie wil beter hê en so kom ons laaste aand op die meesterlike staproete. Sarel het selfs nog 'n laaste stukkie braaivleis en maak vuur. Ons kyk maar toe hoe versier hy sy steak met kaas en tamatie en later gaan kyk ons na die pragtigste sonsondergang en vele foto's getuig hiervan!

Dag 5

Ons hoor dit reën deur die nag en vroegmôre begin Lynette en Annette




terugstap na Bloukransriviermond sonder hul rugsakke. Ons hou weer 'n samekoms in die lapa en elkeen seg iets oor sy eie indrukke van die prag staproete. Ons stap elke eie tyd teen 'n steil kloof op tot by 'n houtdekuitsigpunt en wat sou ons sien, Bob en sy vrinne het besluit dis nou hul beurt om die asblikke om te keer en bo-op die dakke te baljaar en dalk by ons hut 2 rugsakke te vind en ontbyt, wat nog ge-eet sou word deur ons stapmaats, te geniet!


Sarel is laaste weg en hy het ons hut se deur gesluit, maar ta weet van beter, want een venster se slot was stukkend en toe klim hul daardeur! Toe Annette en Lynette daar opdaag, skree Annette so hard dat ta so skrik en die hele onderdeur uithardloop! Wat 'n spektakel moes dit nie gewees het nie. Ons het elkeen so rustig sy eie pas gehandhaaf en geniet van al die heerlike natuurwonders. Hope mooi fynbos en 'n kontoerpad wat rustig langs die see lei. So lei ons pad na Nature's Valley en ons staan bo-op die kop aan die oostekant van die mooi lang strand wat voor ons strek en met 'n hoë houttrap gaan ons af na Nature's Valley en so kom ons weer veilig almal daar bymekaar.

Ons harte vol dankbaarheid vir die voorreg om so 'n besondere mooi staproete te kon stap! Baie dankie, Jeanette, dat jy als so puik gereël het.

Wilmien Van Bochove







## ONRUS-HERMANUS STAP FEBRUARIE 2010

Die Berg-en-Dallers begin die jaar met 'n heerlike naweekuitstappie in die Hermanus-omgewing. Rose reël met behulp van 'n vriendin, Heleen van Niekerk, akkommodasie in 'n ruim dubbelverdieping-strandhuis op Onrus. Heleen woon in dieselfde straat en sorg goed vir ons. Sy is self 'n fiks stapper, kundig oor die fynbos van die omgewing en baie entoesiasties oor die Hermanus- en Kogelberge.



Vrydag na ontbyt vertrek ons na die Harold Porter Botaniese Tuin wat in Bettiesbaai, direk langs die Kogelberg Natuurreservaat, geleë is. Die tuin self is 'n fees ! Ons stap eers met die Luiperdskloof-roete tot by die waterval 'n pragtige gesig. Hier geniet ons ontbyt en bewonder 'n bloedrooi disa wat hoog langs die waterval groei.

Na ontbyt stap ons met die "Zig –Zag" -roete teen die berg uit tot bo by die grens van die Kogelberg Natuurreservaat. Die fynbos al langs die pad is baie besonders en die vergesigte oor Bettiesbaai en die see asemrowend. Ons keur terug na Disakloof onder in die tuin waar ons middagete geniet.

Die middag verwyl ons op Onrus, stap langs die see, besoek kunsgalerye, e.d.m. Die aand geniet ons 'n heerlike braaivleis op die balkon van ons boonste verdieping. Die pragtige sonsondergang oor die see is die "cherry on the top".


Saterdag is die hoogtepunt van die naweek. Heleen neem ons na Vogelgat Natuurreservaat net buite Hermanus. Sy is ons bekwame gids en ons stap 'n heerlike lang sirkelroete deur die berg, stop dikwels om die groot verskeidenheid heide en ander fynbos – en ook weer eens die vergesigte - te bewonder. Die weer bly volmaak en ons swem heerlik in die groot vogel-poel. Daar is nog heelwat roetes waarby ons nie uitkom nie, en almal hoop om in die toekoms weer terug te keer!

Sondagoggend stap sommige van die groep 'n paar kilometer langs die pragtige Hermanus-kuspaadjie voordat ons terugkeer na George. Dit was 'n besondere naweek wat almal baie geniet het!

Jeannette



## WAAR EET MENS ONTBYT OP MONTAGUE PAS?



Ek is 'n ou stapper wat al jare saam met Berg-en Dal voetslaanklub stap. Die afgelope paar jaar het ek al hoe minder begin stap weens ander verpligtinge en belangstellings en nou ken baie van die nuwe lede my glad nie. Nou een Saterdag gaan stap ek vir 'n verandering weer saam met die groep. Ons stap toe Montague pas die oggend. Een van die stappers vra my toe of ek dan nog nooit Montague pas gestap het nie. Hoe stop ek dan vir ontbyt op die verkeerde plek. Weet ek dan nie waar stop ons vir ontbyt nie. Montague pas was nog altyd die filler van Berg - en - Dal. As dit reën of te veel gereën het of om watter rede die gereelde stap nie gestap kan word nie dan stap ons maar weer Montague pas. Ek onthou daardie keer toe ek en Annekie en Carlien besluit het reën is nie vir ons nie en die res van die groep het in die reën die pas opgepiekel terwyl ons heerlik ontbyt geëet het by die Holiday Inn. Daar was die ander keer toe ons die Basaar op Herold bygewoon het in ons stap klere en toe weer terug tot by die tolhuis na pannekoek en koeksisters. Herold is aan die anderkant van die berg aan die einde van die pas. By 'n ander geleentheid het Lenie de Haan soos gewoonlik grond gekoop op die gladde gruisies en toe laat Magdeleen nie op haar wag nie en val sommer behoorlik. 'n Voertuig moes haar 'n geleentheid gee George toe en haar hand moes 'n paar steke kry. Dan was daar die kere wat ons Cradockskloofpas op gestap het

en Montague af. Ek het dit nooit geniet nie, want dit was gewoonlik in die hitte van die dag op 'n grys wit pad wat jou oë verblind en jou gesig rooi laat brand van die weerkaatsing. By 'n ander geleentheid het ons die pas vroeg oggend opgeloop en dan met Cradockskloofpas afgekom. Dit was altyd vir my die lekkerste. Eenkeer het ons gesukkel om die paadjie deur die rivier te kry op na die Tolhuis. Toe was daar nog hoë Denne bome rondom die tolhuis en kon ons nie die tolhuis van onder van die rivier af sien nie. Dit het 'n "geboendoe bash" afgegee en het die oorlewingsdrang in ons almal uitgebring. Daardie stuk terug vanaf die Tolhuis tot by Witfontein was toe vir my nog baie langer as nou. Miskien omdat mens geïsoleerd gevoel het tussen die hoë denne. Nou is dit oop en kan jy sien tot by Witfontein se rooidak huisies. Ek kan nog onthou toe ons nie opgegaan het na die Tol nie, maar berg langs terug na Witfontein. Oom Tom het ons dan altyd daar by die rivier gegroet en geloop huis toe. As ons dan by ons voertuie kom sit hy lankal aan by die brug tafel. Dit het my altyd baie beïndruk. En nou, nou wonder julle groentjies waar kom ek vandaan en julle dink Montague is 'n vreemde verskynsel vir my. Maar julle is reg. Dit is nuut. As mens so lank laas gestap het soos ek dan is selfs Montague 'n nuwe ervaring. Miskien moet die klomp wat so vooruit gejaag het ook weer soos 'n nuweling gaan kyk na die wonder van elke stap. Daardie groen bome en varings hier onder uit die kloof by Malgas en die rotsoorhange. Selfs die ou brug en name van die draaie. Die wonderskoonheid van Losberg En dan die son wat bak op jou rug en die welbehaaglike teug aan die koppie rooibos. Ja, ek weet nog waar eet mens ontbyt op Montague






## OPERASIE MELVILLEPIEK




Naas Cradockpiek is Melvillepiek die tweede hoogste piek in ons omgewing. Die voetslaanpad om die piek te bereik het die afgelope tien jaar totaal toegegroei Dit is een van die mooiste en uitdagendste roetes in ons omgewing. Cape Nature beskik nie oor die mannekrag en fondse om enige hulp te verleen met die opknap van die roete nie. 'n Groep van Berg en Dalstapklub het onlangs begin met die opknap proses. Met die ondersteuning van Johan Schultz van Grootbrak met sy GPS kon ons die pad vind en min of meer twee km oopkap. Die tolbosse en restios staan tot twee meter hoog. Daar is egter nog 'n reuse taak wat voorlê. Dus sal enige hulp verwelkom word. Kom ons span saam om ons wonderlike omgewing toeganklik te maak en instand te hou.

Annette

## SOMMER NET FOTOS



**ONRUS**



**OTTER**

## STERRE KYK IN DIE KAROO

'n Groep van 24 van die Berg-en-Dal Voetslaanklub het onlangs hulle stapskoene grotendeels verruil vir 'n sterre uitstappie in Prince Albert.
Dit was die naweek aan die begin van die Wêreldbeker-sokker en daar was groot opgewondenheid in die land en by die groep. Die groep het stuk-stuk aangekom die Vrydagmiddag. Sommige van hulle het van die geleentheid gebruik gemaak om gholf te speel oppad by Oudtshoorn en ander het 'n vinnige dagstappie ingepas op die Swartbergroete. Die groep het oornag in die skoolkoshuis op die dorp en dit op sigself was al reeds 'n ervaring. In die groep was verskeie gaste van klublede wat almal vroeër gereeld met die klub gestap het en vir wie die naweek soos 'n reünie was.
Die reünie-groep het onder andere met die aankoms by die koshuis reeds die vuvuzela geblaas en woemazela-sap gedrink.
Daar was verskeie hoogtepunte die naweek: soos, die Bafana Bafana se goeie vertoning teen Mexiko en die Springbokke se oorwinning oor die Franse. Die groep het die Vrydagaand op 'n spookstap gegaan deur die dorp. Die stap is aangebied deur 'n entoesiastiese inwoner wat die geskiedkundige geboue en geskiedenis lewendig opkikker met 'n paar interessante spookstories wat afspeel in die geboue.



Dit was 'n wonderlike oop en helder nag. Net reg vir sterre kyk. Hans Daehne en sy vrou Tilanie het die sterrekyk met entoesiasme en kennis aangebied. Dit was lekker opwindend om buite in die koue te sit en as dit jou beurt was om deur die teleskoop te kyk, het jy opgewonde die juweelsakkie en Venus se bane gadegeslaan. Die praktiese les is die volgende dag met 'n insiggewende teoretiese les opgevolg. Saterdag het almal die verskeie aktiwiteite in die dorp geniet - 'n boeremark, kaas en wyn proe, 'n wewery en die kultuurhistoriese goedere, soos die Museum en vele meer. Die dag is afgesluit met 'n ware "sundowner" saam met Hans en Tilanie. 'n Besoek aan Prince Albert gekombineer met sterre kyk, is 'n wenner!

Annette



## ARENDS KLOOF - 27 - 29 SPETEMBER 2010

After months of organizing people to join him for a week-end of walking and flower searching in the Karoo, Eddie successfully arranged the perfect combination of 15 enthusiastic walkers. Driving in convoy, we left George early Friday morning and arrived at ArendsKloof with plenty of time for a short walk across the stony terrain of the Karoo. The eager team walked briskly in search of an abundance of flowers, which sadly were not in bloom due to the dry conditions - but watching Springbok dart ahead of us and the inquisitive Blesbok allayed any disappointments. Friendships were formed and re-kindled and as the evening fire was lit for the braai, quite a social took place. Hot water, provided by the donkey and light by a generator meant that showers, meals and socializing all had to be done by shut down at 10.00pm. Some of the walkers, still had energy left to read by torchlight, but within minutes, the quietness of the rural surroundings had lulled them into a deep sleep. Up with the lark for prayer and meditation and those that could not quite get both eyes open would gather for breakfast and eager for the day to start. Most of the walkers set off behind Jeff, the trailblazer, for a 17km walk and the others left later to take a shorter route. Armed with bottles of liquid and lots of food the 17km walkers, marched across the veld up and down, stopping to watch wildlife and admire the magnificent views. Returning to the lodge by late afternoon, the walkers were glad of the Evening braai and enjoyed quizzes, card games and lots of camaraderie
Amongst the happy throng of this delightful group. Sunday came along so quickly, but as no one was in a rush to get home to their loved ones, another walk was organized and then a leisurely drive home, stopping to se the magnificent waterfall at Meiringspoort and a cup of coffee and cake at De Rust. And like all good things, we finally said our farewells and thank you's for what was a memorable weekend in the Karoo.

Diana Rohrer

## TEEDRINK BY WITFONTEIN




Op 'n Dinsdag in September nooi die klub ons ou klompie oueres wat nou minder (of gladnie) stap na 'n heerlike tee en melktert geleentheid by Witfontein. Die kort stappie daarna word so geniet dat sommiges gladnie wou terugdraai. En daar gaan ons gedagtes terug, sommiges kon verder as ander teruggaan.

*Hierdie was van die oorspronglike*




*Die klub se eerste wegstap na Springbok*




*Bokkie en Luit bepraat en los 'n paar probleme op.*



*Die Duine op 'n besoek aan Sossosvlei*





*Die Visrivier word gereeld gestap*




*Sederberg stappe is altyd gewild.*

*Hier is een van die gewilde Dinsdag stappe onder oom Tom se leiding*





*Ons het Geklim............. Gejol............ en Gesing*







*En Gespeel ook.*



*Geriewe op die wegstappe was nou nie altyd so puik nie*






*Ja ons het verjaar ook*

*Eers die 10 e*



*En later die 21 ste*



*Berg en Dal Bly PUIK*

# ERKENNINGS

Dankie aan almal wat meegehelp het
om hierdie Geskriffie die lig te laat
sien

Ook aan al die lede van Berg en Dal
as julle nie gestap en gekuier het nie
sou daar nie 'n behoefte hieraan ge-
wees het nie

Aangesien dit die laaste Opsaal is waarmee
ek gemooeid sal wees net 'n spesiale woord
van dank aan
Pieter Potgieter, Anna , Annette ,Jeanette en
Carol wat altyd staatmakers was
en dan spesiaal aan Sus wat altyd as klank-
bord moes dien , ek het haar altyd gehoor
Maar miskien nie altyd geluister nie .

Baie Dankie

Hendrik